NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020
VOORHEEN MEI/JUNIE

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2020

## AFDELING A LEESBEGRIP

- **Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.**
- **Sou die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk).**
- **Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Die rede/motivering verdien die punt.**
- **Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek, MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.**
- **Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.**

### VRAAG 1 INTERNETARTIKELS

1.1 Hulle soek op die internet/hulle vra hulle vriende.

1.2 "duisende klante"/"klant beïndruk" (Enige 1)

1.3 Hy het in 'n haarsalon grootgeword/sy ouers is haarkappers. (Enige 1)

1.4 Baie mense het die video's gesien.

1.5 1.5.1 Onwaar

1.5.2 "Aan die begin het sy volwasse kollegas hom gehelp ..."

1.6 Hy is lief vir Suid-Afrika/hy glo jy moet teruggee aan jou land en jou mense. (Enige 1)

1.7 "enkelma"

1.8 Een-en-twintig/een en twintig

**1.9** Albei die seuns is wonderkinders/hulle kon iets baie goed doen/Altwee het groot hoogtes op 'n jong ouderdom bereik.

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 2 RESENSIE

2.1 "kleurryke"

2.2 Armoede/swendelary/alkoholisme/afgeleefde huis in township. (Enige 2)

2.3 Hy is 'n skrywer wat moeilike temas op 'n vars manier aan die leser oordra.

2.4 Sy is die illustreerder/sy het die prentjies geteken. (Enige 1)

2.5 Hy mislei die tieners/hy is die antagonis.

2.6 "eenvoudige, verstaanbare taal"

2.7 Jy sal nie deurmekaar raak nie/jy sal die storie makliker volg. (Enige 1)

2.8 Hy spring in die lug/hy doen 'n danspassie. (Enige 1)

2.9 Tieners/kinders bo die ouderdom van elf.(Enige 1)

## VRAAG 3 SPOTPRENT

3.1 Daar is trane/Daar staan "snik" bo sy kop geskryf. (Enige 1)

3.2 Sy troos hom/sy vryf hom op sy rug. (Enige 1)

3.3 Hy gaan sy seun mis/hy is nie voorbereid daarop dat sy seun begin skoolgaan nie. (Enige 1)

3.4 Skoolsak/skooltas. (Enige 1)

3.5 Sy kyk na hom/sy buk vooroor/sy leun vooroor/vorentoe. (Enige 1 van die moontlikhede)

3.6 Hy wys in sy pa se rigting/hy punt sy vinger in sy pa se rigting. (Enige 1)

3.7 Skool/klaskamer. (Enige 1)

3.8 Januarie/aan die begin van die jaar. (Enige 1)

3.9 Kinders huil gewoonlik op die eerste dag, maar hier huil die pa en die seun is die sterk een wat bekommerd oor sy pa is.

1 punt vir seun se gedrag wat anders is as 'n graad 1 s'n op die eerste dag van skool.
1 punt vir hoe die pa se gedrag van seun s'n verskil.

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B OPSOMMING

**Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:**

- **Sinne moet van 1 tot 5 genommer word en geen kolpunte mag gebruik word nie.**
- **'n Sin moet 'n werkwoord bevat.**
- **Elke sin bevat 'n feit en 'n rede/bevestiging vir die feit. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.**
- **Een feit mag nie oor twee punte strek nie.**
- **Voegwoorde moet gebruik word om twee feite te verbind.**
- **Een van die dele van die feit/sin kan 'n infinitief wees.**
- **Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.**
- **Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.**
- **Sinne mag nie direk uit die teks aangehaal word nie, maar kandidate mag woorde/frases uit die teks gebruik.**
- **Taalfoute word nie gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.**
- **Spelfoute word nie gepenaliseer nie, tensy dit betekenis beïnvloed.**
- **Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.**
- **Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.**
- **Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.**
- ***'n* en *die* (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.**
- **Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.**
- **Beplanning MOET doodgetrek word.**

## VRAAG 4 VYF REDES WAAROM KINDERS SKAAK MOET SPEEL

1. Skaak ontwikkel analitiese vaardighede en dit help kinders om logies te dink en probleme op te los.

2. Dit leer die kind sosiale vaardigede en wys hulle die korrekte interaksie met hulle maats.

3. Dit ontwikkel die kind se konsentrasievermoë en sal hulle dus help om vir langer tye te konsentreer.

4. Skaak is 'n gesonde alternatief vir videospeletjies, want dit help hulle verstand om gesond te ontwikkel.

5. Skaak verbeter jou lewensvaardighede en dit help jou om mense se lyftaal te lees.

IEB Copyright © 2020

## AFDELING C POËSIE

### VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

5.1 Om iets te onthou/en om iets weg te steek/Intieme plek. (Enige 2)

5.2 Braille en pen

5.3 "**soos** 'n hond wat sy been lig."

5.4 A

5.5 Die persoon weet nog nie van haar nie/ken haar nog nie. (Enige 1)

5.6 "en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn."

5.7 Hulle albei wil wys dat iets aan hulle behoort/die spreker soek die liefde van die seun/die hond wil wys dat hy in 'n sekere gebied was.

5.8 Koeplet

### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

6.1 In die gedig is dit die pa wat die seun waarsku oor die gevare van die internet.

6.2 Dit is om te beklemtoon hoe vinnig hy sy pa se kodewoord kraak.

6.3 Dit wys 'n dringendheid/wys hoe gedetermineerd/gefokus hy is.

6.4 "ons keyboards is wyser as jy dink"

6.5 B/kinders wat rekenaargeletterd is.

6.6 A/Metafoor

6.7 Sy soeke na vryheid word beklemtoon.

6.8 Strofe 6

6.9 Hy wil vry wees/die internet verken maar hy wil tog hê sy pa moet hom help as hy probleme optel/raad vra.

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

7.1 Eerstepersoonspreker/ek-spreker. (Enige 1)

7.2 "het my al v**ee**ls te v**ee**l k**ee**r"

7.3 Die spreker was die vorige kere te haastig en toe het die verhoudings nie gewerk nie.

7.4 Dit versterk die liedjie-kwaliteit van die gedig/dit beklemtoon belangrike punte wat die spreker wil maak.

7.5 Die persoon voel depressief/voel nie goed nie/dis die kleur van die persoon se oë.

7.6 Die persoon moet die spreker kom wys wie hulle werklik is/hulle moet net hulself wees/die persoon moet by die spreker wees/tyd met die spreker spandeer. (Enige 2)

7.7 "hierdie keer"

7.8 "Kom wees hier rondom my
Net as jy wil"

7.9 Die spreker laat die leser toe om self te besluit of die persoon by hom gaan bly of nie.

**]**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- **Sin is reg of verkeerd.**
- **Geen leestekens word gepenaliseer.**

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Alhoewel Jeremy die koerant wil lees, kan hy nie omblaai nie. **OF**
Alhoewel hy nie kan omblaai nie, wil Jeremy die koerant lees.

8.2 Die koerant sal vinnig deur Jeremy by die tafel gelees word.

8.3 Vroeër het Jeremy hard probeer om deur die koerant te blaai.

8.4 Op die oomblik help sy ma hom, daarom is hy gelukkig.

8.5 Nee, ek ken niemand wat vir Jeremy kan help nie.

8.6 Die seun van wie ek jou vertel, hou daarvan om te lees.

8.7 Jeremy vra of iemand hom met die koerant kan help.

8.8 Volgende keer sal Jeremy hulp met die koerant nodig hê.

8.9 Jeremy is deurmekaar gevolglik kan hy nie omblaai nie.

8.10 Jeremy hoef nie ongeduldig met sy ma te wees nie.

8.11 Gister het Jeremy die koerant uitgehaal, want hy wou dit lees.

8.12 Jeremy het gister die koerant in die sitkamer gelees.

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Geen spelfoute word aanvaar nie.**

9.1 aangename
9.2 moeilikste
9.3 asb.
9.4 smoorkwaad
9.5 verder
9.6 gawe
9.7 frustrasie
9.8 hartjie
9.9 huilende
9.10 met wie
9.11 op
9.12 hanteer
9.13 daagliks
9.14 sy
9.15 opgewonde
9.16 in plaas van

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 10

- **Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.**
- **Kandidate moet die vetgedrukte woorde in 'n reaksie/gevoel omskryf. Die gegewe woord(e) mag nie gebruik word nie.**
- **Spelling word nie gepenaliseer nie tensy betekenisverandering plaasvind.**
- **By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.**
- **2 × ½ = inhoud**
- **Minus ½ per tipe taalfout per vraag (10.1/10.2, ens.).**
- **Kandidate mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.**
- **Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan kandidaat nog 'n punt vir taal kry.**
- **Direkte rede is 'n vereiste.**
- **Kandidate moet by voorgeskrewe lengte hou.**
- **Indien woordtelling oorskry word, of tekortskiet, is dit minus 'n halfpunt PER RESPONS. Geen grasie word meer toegelaat nie. Met ander woorde: as woordtelling 15–20 woorde is, is 21 reeds minus halfpunt, of 14 is ook reeds minus halfpunt.**
- **Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woorde toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.**

10.1 Genade! Wat gaan in hierdie fliek aan? Al hierdie bloed maak my siek.

10.2 B, hierdie was soveel pret! Ons moet dit weer doen! Wat van hierdie Saterdag?/Sal jy Saterdag saam met my kom fliek?

10.3 Sjoe, dit was 'n wonderlike fliek. Die kamerawerk was werklik uitstekend/toneelspel was uitstekend

10.4 Julle is regtig die beste vriende. Dankie dat julle vandag saam met my gekom het.

10.5 Goeiemiddag/Verskoon my, mag ek asseblief 'n mediumgrootte-springmielies kry om te eet terwyl ek die fliek kyk?

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2020